I, Donald Charles Moody, Director, duly authorised thereto by the Acting Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Government Notice R. 3149 of 24 December 1991 to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1992.

**D. C. MOODY,**

Director.

**No. R. 243**

**10 January 1992**

**LABOUR RELATIONS ACT, 1956**

**CLOTHING INDUSTRY, TRANSVAAL: RENEWAL OF FUND AGREEMENT**

I, Donald Charles Moody, Director, duly authorised thereto by the Acting Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Government Notice R. 3150 of 24 December 1991, to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1992.

**D. C. MOODY,**

Director.



## DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGS- ONTWIKKELING

No. R. 173

10 Januarie 1992

### DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

REGULASIES BETREFFENDE DIE SAMESTELLING,  
WERKSAAMHEDE, BEVOEGDHEDE EN PLIGTE  
VAN DIE BEROEPSRAAD VIR NOODSORGPERSO-  
NEEL

Die Minister van die Nasionale Gesondheid het kragtens artikel 15 (5) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet 56 van 1974), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig.

#### BYLAE

1. In hierdie regulasies beteken "die Wet" die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet 56 van 1974), en het 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet toegeken is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"artikel" 'n artikel van die Wet;

"beroepsraad" die Beroepsraad vir Noodsorgpersoneel ingestel kragtens artikel 15 (4);

"lid" 'n lid van die Beroepsraad vir Noodsorgpersoneel.

#### Samestelling van die beroepsraad

2. Die beroepsraad bestaan uit sewe lede en word soos volg saamgestel:

(a) Een persoon wat lid van die raad is, word deur die raad aangewys;

(b) vyf noodsorgpersoneellede word verkies deur ambulansnoodsorgassistenten en ambulansnoodsorg-  
tegnoloë;

(c) drie persone wat geneeshere of tandartse is en wat besondere kennis van noodsorg dra, word deur die raad aangewys.

3. Behoudens die bepalings van regulasie 4 is die dienstermyn van lede van die beroepsraad vyf jaar, gereken vanaf die datum van die verkiesing of aanwysing bedoel in regulasie 2 (b) of (c): Met dien verstande dat sodanige lede herkiesbaar is of weer aangewys kan word, na gelang van die geval.

4. (1) 'n Lid ontruim sy amp—

(a) as hy insolvent raak of van sy boedel afstand doen ten voordele van sy skuldeisers of met hulle 'n skikking aangaan; of

(b) as hy sonder die toestemming van die beroepsraad afwesig is van meer as twee agtereenvolgende gewone vergaderings van die beroepsraad; of

(c) as hy ingevolge die Wet onbevoeg geword het om sy beroep te beoefen; of

(d) as hy, as 'n verkose lid, sy bedanking skriftelik aan die beroepsraad meedeel; of

(e) as hy, as 'n aangewese lid, ophou om aanwysbaar te wees of skriftelik aan die raad kennis gee van sy wens om uit sy amp te bedank en sy bedanking aangeneem word.

## DEPARTMENT OF NATIONAL HEALTH AND POPULATION DEVELOPMENT

No. R. 173

10 January 1992

### THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

REGULATIONS RELATING TO THE CONSTITUTION, FUNCTIONS, POWERS AND DUTIES OF THE PROFESSIONAL BOARD FOR EMERGENCY CARE PERSONNEL

The Minister of National Health has, in terms of section 15 (5) of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), made the regulations set out in the Schedule hereto.

#### SCHEDULE

1. In these regulations "the Act" means the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), and any expression to which a meaning has been assigned in the Act shall bear such meaning and, unless the context otherwise indicates—

"member" means a member of the Professional Board for Emergency Care Personnel;

"professional board" means the Professional Board for Emergency Care Personnel established in terms of section 15 (4);

"section" means a section of the Act.

#### Constitution of the professional board

2. The professional board shall consist of seven members and shall be constituted as follows:

(a) One person who shall be a member of the council, shall be designated by the council;

(b) five emergency care staff members shall be elected by ambulance emergency care assistants and ambulance emergency care technologists;

(c) three persons, who shall be medical practitioners or dentists and who shall have special knowledge of emergency care, shall be designated by the council.

3. Subject to the provisions of regulation 4, the period of service of members of the professional board shall be five years, reckoned from the date of the election or designation referred to in regulation 2 (b) or (c): Provided that such members shall be eligible for re-election or redesignation, as the case may be.

4. (1) A member shall vacate his office—

(a) if he becomes insolvent or assigns his estate for the benefit of, or compounds with, his creditors; or

(b) if he is absent from more than two consecutive ordinary meetings of the professional board without the professional board's leave; or

(c) if he has been disqualified under the Act from practising his profession; or

(d) if, as an elected member, he notifies the professional board, in writing, of his resignation; or

(e) if, as a designated member, he ceases to be eligible for designation or gives notice, in writing, to the council of his desire to resign from office and his resignation is accepted.

(2) Elke vakature wat in die beroepsraad ontstaan, word aangevul deur aanwysing of verkiesing, na gelang van die geval, en elke aldus aangewese of verkose lid beklee sy amp slegs gedurende die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die lid wat sodanige amp ontruim, aangewys of verkies is.

#### **Bevoegdhede van die beroepsraad**

5. Die beroepsraad kan—

(a) vertoë tot of deur bemiddeling van die raad rig vir die uitvaardiging, wysiging of intrekking van 'n regulasie of reël wat op die beroepsraad of op ambulansnoodsorgassistenten of op ambulansnoodsorgtegnoloë van toepassing is;

(b) deur bemiddeling van die raad vertoë tot die Minister rig betreffende die omskrywing van die omvang van die beroep van ambulansnoodsorgassistent of ambulansnoodsorgtegnoloog indien die raad kragtens artikel 33 (1) by die Minister sou aanbeveel dat die omvang van die beroep van ambulansnoodsorgassistent of ambulansnoodsorgtegnoloog omskryf word deur die handelinge te bepaal wat vir die doeleindes van die Wet geag word handelinge te wees wat by die beroep van ambulansnoodsorgassistent of ambulansnoodsorgtegnoloog tuis behoort.

#### **Werksaamhede en pligte van die beroepsraad**

6. Dit is die plig van die beroepsraad om—

(a) 'n hoë peil van professionele onderrig en professionele gedrag by ambulansnoodsorgassistenten en ambulansnoodsorgtegnoloë te bevorder;

(b) aan die raad verslag te doen oor enige aangeleentheid rakende ambulansnoodsorgassistenten of ambulansnoodsorgtegnoloë wat deur die raad na hom verwys word;

(c) die raad te adviseer oor die skraping, kragtens die bepalings van artikel 19 of artikel 32 (2), van die naam van 'n persoon uit die register van ambulansnoodsorgassistenten of dié van ambulansnoodsorgtegnoloë wat kragtens artikel 32 gehou word; en

(d) aanbevelings by die raad te doen betreffende die erkenning van inrigtings vir die voorgeskrewe praktiese opleiding van ambulansnoodsorgassistenten of ambulansnoodsorgtegnoloë en betreffende die erkenning van kwalifikasies van ambulansnoodsorgassistenten of ambulansnoodsorgtegnoloë wie se name kragtens artikel 32 in die toepaslike register ingeskryf word.

No. R. 174

10 Januarie 1992

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN  
TANDHEELKUNDIGE RAAD

INSTELLING VAN 'N BEROEPSRAAD VIR NOOD-  
SORGPERSONEEL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet 56 van 1974), en na oorweging van 'n aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, stel ek, Elizabeth Hendrina Venter, Minister van Nasionale Gesondheid, hierby 'n beroepsraad in wat

(2) Every vacancy on the professional board shall be filled by designation or election, as the case may be, and every member so designated or elected shall hold office only for the unexpired portion of the period for which the member vacating such office was designated or elected.

#### **Powers of the professional board**

5. The professional board may—

(a) make, to or through the council representations for the making, amendment or withdrawal of any regulation or rule that applies to the professional board or to ambulance emergency care assistants or to ambulance emergency care technologists;

(b) submit, through the council, representations to the Minister in regard to the definition of the scope of the profession of ambulance emergency care assistant or ambulance emergency care technologist should the council recommend to the Minister, in terms of section 33 (1), that the scope of the profession of ambulance emergency care assistant or ambulance emergency care technologist be defined by specifying the acts which shall, for the purposes of the Act, be deemed to be acts pertaining to the profession of ambulance emergency care assistant or to ambulance emergency care technologist.

#### **Functions and duties of the professional board**

6. It shall be the duty of the professional board to—

(a) promote a high standard of professional education and professional conduct among ambulance emergency care assistants and ambulance emergency care technologists;

(b) report to the council on any matter affecting ambulance emergency care assistants or ambulance emergency care technologists referred to it by the council;

(c) advise the council on the removal under the provisions of section 19 or section 32 (2) of the name of any person from the register of ambulance emergency care assistants or that of ambulance emergency care technologists kept under section 32; and

(d) make recommendations to the council in regard to the recognition of institutions for the prescribed practical training of ambulance emergency care assistants or ambulance emergency care technologists and in regard to the recognition of qualifications of ambulance emergency care assistants or ambulance emergency care technologists whose names are entered in the appropriate register kept under section 32.

No. R. 174

10 January 1992

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND  
DENTAL COUNCIL

ESTABLISHMENT OF A PROFESSIONAL BOARD  
FOR EMERGENCY CARE PERSONNEL

Under the powers vested in me by section 15 (4) of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), and after considering a recommendation of the South African Medical and Dental Council, I, Elizabeth Hendrina Venter, Minister of National Health, hereby establish a professional board to be known as the Professional Board for



as die Beroepsraad vir Noodsorgpersoneel bekend staan en wat behoudens die bepalings van artikel 15 (6) (a) en (c) van genoemde Wet bestaan uit persone wie se name op die registers van ambulansnoodsorg-assistente en ambulansnoodsorgtegnoloë verskyn wat kragtens artikel 32 van genoemde Wet gehou word.

**E. H. VENTER,**

Minister van Nasionale Gesondheid.

**No. R. 175** **10 Januarie 1992**

**DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN  
TANDHEELKUNDIGE RAAD**

**REGULASIES BETREFFENDE DIE REGISTRASIE  
DEUR SPRAAKTERAPEUTE, SPRAAKTERAPEUTE  
EN AUDIOLOE, EN AUDIOLOE VAN ADDISIONELE  
KWALIFIKASIES: WYSIGING**

Die Minister van Nasionale Gesondheid het, op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, kragtens artikel 61 (1) (o) geles met artikel 61 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet No. 56 van 1974), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig.

**BYLAE**

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 584 van 18 Maart 1983, soos gewysig.

2. Die Regulasies word hierby gewysig deur die toevoeging van die volgende addisionele kwalifikasie:

<i>Eksaminerende liggaam</i>	<i>Kwalifikasie</i>	<i>Afkorting vir registrasie</i>
Universiteit van Reading.....	Magister Artium in Toegepaste Taal- wetenskap (Kliniese Evaluasie)	MA Applied Linguistic (Clinical Assess- ment) Reading
<i>Examining authority</i>	<i>Qualification</i>	<i>Abbreviation for registration</i>
University of Reading.....	Master of Arts in applied Linguistics (Clini- cal Assessment)	MA Applied Linguistics (Clinical Assess- ment) Reading

**No. R. 176** **10 Januarie 1992**

**DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN  
TANDHEELKUNDIGE RAAD**

**REGULASIES WAT DIE OMVANG VAN DIE BEROEP  
VAN AUDIOMETRIKUS OMSKRYF**

Die Minister van Nasionale Gesondheid het op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, kragtens artikel 33 (1) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet 56 van 1974), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig.

**BYLAE**

1. Die volgende handeling word hierby bepaal as handeling wat by die toepassing van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet No. 56 van 1974), geag word handeling te wees wat by die beroep van audiometrikus tuis behoort:

(a) Die bepaling en evaluering van die omvang, aard en graad van persone se gehoorfunksie by wyse van elektroakoestiese instrumentasie en waarnemingsmetodes;

(b) die seleksie en passing van en onderrig in die gebruik van gehoorapparate;

(c) die bepaling en evaluering van 'n persoon se vestibulêre—en aangesigsenufunksie.

Emergency Care Personnel which shall, subject to the provisions of section 15 (6) (a) and (c) of the said Act, consist of persons whose names appear in the registers of ambulance emergency care assistants and ambulance emergency care technologists kept under section 32 of the said Act.

**E. H. VENTER,**

Minister of National Health.

**No. R. 175** **10 January 1992**

**THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND  
DENTAL COUNCIL**

**REGULATIONS RELATING TO THE REGISTRATION  
BY SPEECH THERAPISTS, SPEECH THERAPIST  
AND AUDIOLOGISTS, AND AUDIOLOGISTS OF  
ADDITIONAL QUALIFICATIONS: AMENDMENT**

The Minister of National Health has, in terms of section 61 (1) (o) read with section 61 (4) of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), on the recommendation of the South African Medical and Dental Council, made the regulations set out in the Schedule hereto.

**SCHEDULE**

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published under Government Notice No. R. 584 of 18 March 1983, as amended.

2. The Regulations are hereby amended by the addition of the following additional qualification:

**No. R. 176** **10 January 1992**

**THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND  
DENTAL COUNCIL**

**REGULATIONS DEFINING THE SCOPE OF THE  
PROFESSION OF AUDIOMETRICIAN**

The Minister of National Health has, in terms of section 33 (1) of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), on the recommendation of the South African Medical and Dental Council, made the regulations set out in the Schedule hereto.

**SCHEDULE**

1. The following acts are hereby specified as acts which shall, for the purposes of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), be deemed to be acts pertaining to the profession of audiometrician:

(a) The determination and evaluation of the range, nature and degree of a person's hearing, by means of electroacoustic instrumentation and observational methods;

(b) the selection and fitting of an instruction in the use of hearing aids;

(c) the determination and evaluation of a person's vestibular and facial nerve function.

No. R. 177

10 Januarie 1992

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN  
TANDHEELKUNDIGE RAADREGULASIES BETREFFENDE DIE REGISTRASIE  
DEUR FISIOTERAPEUTE VAN ADDISIONELE KWA-  
LIKASIES: WYSIGING

Die Minister van Nasionale Gesondheid het, op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, kragtens artikel 61 (1) (o) geles met artikel 61 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet No. 56 van 1974), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, uitgevaardig.

## BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 1127 van 24 Mei 1991.

2. Die Regulasies word hierby gewysig deur die toevoeging van die volgende addisionele kwalifikasie:

*Eksaminerende liggaam en  
kwalifikasie*

*Afkorting van registrasie*

## Universiteit van Pretoria—

Baccalaureus Artium Honores in	BA (LO) (Hons) Biokinetika
Liggaamlike Opvoeding (Biokin- etika)	Pret

## DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSKE

No. R. 154

10 Januarie 1992

GERAASBEHEERREGULASIES INGEVOLGE ARTI-  
KEL 25 VAN DIE WET OP OMGEWINGSBEWARING,  
1989 (WET No. 73 VAN 1989)

Die Minister van Omgewingsake het kragtens artikel 25 van die Wet op Omgewingsbewing, 1989 (Wet No. 73 van 1989), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

## BYLAE

## Woordomskeywing

1. In hierdie Regulasies het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"aanleg" 'n verkoelmasjien, lugversorger, waaierstelsel, kompressor, kragopwekker of pomp;

"beheerde gebied" 'n stuk grond deur 'n plaaslike owerheid aangewys waar, in die geval van—

(a) padvervoergeraas in die omgewing van 'n pad—

(i) die aflesing op 'n integrerende impulsklankpeilmeter, wat aan die einde van 'n tydperk wat strek vanaf 06:00 tot 24:00 buitenshuis geneem is terwyl sodanige meter in werking is, 65 dBA oorskry; of

(ii) die buitenshuise ekwivalente deurlopende "A"-beswaarde klankdrukpeil op 'n hoogte van minstens 1,2 meter, maar hoogstens 1,4 meter, bokant die grond soos bereken vir 'n tydperk wat strek vanaf 06:00 tot 24:00 ooreenkomstig SABS 0210-1986, getiteld: "Gebruikskode vir die berekening en voorspelling van padverkeersgeraas", afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 358 van 20 Februarie 1987, en geprojekter vir 'n tydperk van 15 jaar wat volg op die datum waarop die plaaslike owerheid sodanige aanwysing gedoen het, 65 dBA oorskry;

No. R. 177

10 January 1992

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND  
DENTAL COUNCILREGULATIONS RELATING TO THE REGISTRATION  
BY PHYSIOTHERAPISTS OF ADDITIONAL QUALIFI-  
CATIONS: AMENDMENT

The Minister of National Health has, in terms of section 61 (1) (o) read with section 61 (4) of the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974), on the recommendation of the South African Medical and Dental Council, made the regulations set out in the Schedule hereto.

## SCHEDULE

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published under Government Notice No. R. 1127 of 24 May 1991.

2. The Regulations are hereby amended by the addition of the following additional qualification:

*Examining authority and  
qualification*

*Abbreviation for registration*

## University of Pretoria—

Bachelor of Arts Honours in Physi-  
cal Education (Biokinetika)

BA (LO) (Hons) Biokinetika  
Pret

DEPARTMENT OF ENVIRONMENT  
AFFAIRS

No. R. 154

10 January 1992

NOISE CONTROL REGULATIONS IN TERMS OF  
SECTION 25 OF THE ENVIRONMENT CONSERVA-  
TION ACT, 1989 (ACT No. 73 OF 1989)

The Minister of Environment Affairs has under section 25 of the Environment Conservation Act (Act No. 73 of 1989), made the regulations in the Schedule.

## SCHEDULE

## Definitions

1. In these Regulations any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act, shall have the meaning so assigned to it and, unless the context otherwise indicates—

"ambient sound level" means the reading on an integrating impulse sound level meter taken at a measuring point in the absence of any alleged disturbing noise at the end of a total period of at least 10 minutes, after such meter had been put into operation;

"animal" also includes birds and poultry;

"controlled area" means a piece of land designated by a local authority where, in the case of—

(a) road transport noise in the vicinity of a road—

(i) the reading on an integrating impulse sound level meter, taken outdoors at the end of a period extending from 06:00 to 24:00 while such meter is in operation, exceeds 65 dBA; or

(ii) the equivalent continuous "A"-weighted sound pressure level at a height of at least 1,2 metres, but not more than 1,4 metres, above the ground for a period extending from 06:00 to 24:00 as calculated in accordance with SABS 0210-1986, titled: "Code of Practice for calculating and predicting road traffic noise", published under Government Notice No. 358 of 20 February 1987, and projected for a period of 15 years following the date on which the local authority has made such designation, exceeds 65 dBA;



(b) vliegtuiggeraas in die omgewing van 'n vliegveld, die berekende steurindeks, geprojekteer vir 'n tydperk van 15 jaar wat volg op die datum waarop die plaaslike owerheid sodanige aanwysing gedoen het, 65 dBA oorskry; of

(c) nywerheidsgeraas in die omgewing van 'n nywerheid—

(i) die aflesing op 'n integrerende impulsklankpeilmeter, wat aan die einde van 'n tydperk van 24 uur buitenshuis geneem is terwyl sodanige meter in werking is, 61 dBA oorskry; of

(ii) die berekende buitenshuise ekwivalente deurlopende "A"-beswaarde klankdrukpeil op 'n hoogte van minstens 1,2 meter, maar hoogstens 1,4 meter, bokant die grond vir 'n tydperk van 24 uur, 61 dBA oorskry;

"dBA" die waarde van die klankdrukpeil in desibel, bepaal met gebruik van 'n frekwensiebeswaringsnet A, en afgelei uit die onderstaande vergelyking:

$$L_{p_A} = 10 \log_{10} \left[ \frac{p_A}{p_0} \right]^2, \text{ waar—}$$

$p_A$  = die "A"-beswaarde klankdruk; en

$p_0$  = die verwysingsklankdruk  
( $p_0 = 20 \mu \text{ Pa}$ );

"dier" sluit ook voëls en pluimvee in;

"die Wet" die Wet op Omgewingsbewing, 1989 (Wet No. 73 van 1989);

"eiendomsprojeksievlak" 'n vertikale vlak op, en met inbegrip van die grenslyn van 'n stuk grond wat die grense in die ruimte van sodanige stuk grond bepaal;

"gebiedsklankpeil" 'n afgeleide dBA-waarde wat op 'n indirekte wyse deur 'n reeks metings, berekenings of tabelaflesings bepaal is en deur 'n plaaslike owerheid vir 'n gebied aangewys is;

"geraasoors" enige klank wat die gerief of rus van iemand versteur of aantast of kan versteur of aantast;

"geraaspeil" die aflesing op 'n integrerende impulsklankpeilmeter wat aan die einde van 'n totale tydperk van minstens 10 minute, nadat sodanige meter in werking gestel is, by 'n meetpunt in die aanwezigheid van enige beweerde steurende geraas geneem is, en, indien die beweerde steurende geraas 'n waarneembare toonhoogte het, waarby 5 dBA gevoeg is;

"integrerende impulsklankpeilmeter" 'n toestel wat 'n funksie van die wortel-gemiddelde-kwadraat-waarde van klankdruk oor 'n periode van tyd integreer terwyl dit op "I"-tydsbeswaring geskakel is en die resultaat in dBA aandui;

"klankpeil" die aflesing op 'n klankpeilmeter by 'n meetpunt geneem;

"klankpeilmeter" 'n toestel wat klankdruk meet terwyl dit op "F"-tydsbeswaring ingeskakel is en die resultaat in dBA aandui;

"meetpunt", met betrekking tot—

(a) 'n stuk grond waarvandaan 'n beweerde steurende geraas afkomstig is, 'n punt buite die eiendomsprojeksievlak waar 'n beweerde steurende geraas, na die oordeel van 'n plaaslike owerheid, ooreenkomstig die bepalinge van regulasie 6 gemeet moet word;

(b) aircraft noise in the vicinity of an airfield, the calculated noisiness index, projected for a period of 15 years following the date on which the local authority has made such designation, exceeds 65 dBA; or

(c) industrial noise in the vicinity of an industry—

(i) the reading on an integrating impulse sound level meter, taken outdoors at the end of a period of 24 hours while such meter is in operation, exceeds 61 dBA; or

(ii) the calculated outdoor equivalent continuous "A"-weighted sound pressure level at a height of at least 1,2 metres, but not more than 1,4 metres, above the ground for a period of 24 hours, exceeds 61 dBA;

"dBA" means the value of the sound pressure level in decibels, determined using a frequency weighting network A, and derived from the following equation:

$$L_{p_A} = 10 \log_{10} \left[ \frac{p_A}{p_0} \right]^2, \text{ where—}$$

$p_A$  = the "A"-weighted sound pressure; and

$p_0$  = the reference sound pressure  
( $p_0 = 20 \mu \text{ Pa}$ );

"disturbing noise" means 'n noise level which exceeds the zone sound level or, if no zone sound level has been designated, a noise level which exceeds the ambient sound level at the same measuring point by 7 dBA or more;

"erect" also means alter, convert, extend or re-erect;

"integrating impulse sound level meter" means a device which integrates a function of the root mean square value of sound pressure over a period of time while it is set on "I"-time weighting and indicates the result in dBA;

"measuring point", relating to—

(a) 'n piece of land from which an alleged disturbing noise emanates, means a point outside the property projection plane where an alleged disturbing noise, in the opinion of a local authority, shall be measured in accordance with the provisions of regulation 6;

(b) a building with more than one occupant, means a point in or outside the building where an alleged disturbing noise, in the opinion of a local authority, shall be measured in accordance with the provisions of regulation 6; and

(c) 'n stationary vehicle, means a point as described in SABS 0181-1981, titled: "Code of Practice for the measurement of noise emitted by road vehicles when stationary", published under General Notice 463 of 9 July 1982, where a measuring microphone shall be placed;

"noise level" means the reading on an integrating impulse sound level meter taken at a measuring point in the presence of any alleged disturbing noise at the end of a total period of at least 10 minutes, after such meter had been put into operation, and, if the alleged disturbing noise has a discernible pitch, to which 5 dBA has been added;

(b) 'n gebou met meer as een okkupant, 'n punt in of buite die gebou waar 'n beweerde steurende geraas, na die oordeel van 'n plaaslike owerheid, ooreenkomstig die bepalings van regulasie 6 gemeet moet word; en

(c) 'n stilstaande voertuig, 'n punt soos beskryf in SABS 0181-1981, getiteld: "Gebruikskode vir die meting van geraas uitgestraal deur stilstaande padvoertuie", afgekondig by Algemene Kennisgewing 463 van 9 Julie 1982, waar 'n meetmikrofoon geplaas moet word;

"**omgewingsklankpeil**" die aflesing op 'n integreerende impulsklankpeilmeter wat aan die einde van 'n totale tydperk van minstens 10 minute, nadat sodanige meter in werking gestel is, by 'n meetpunt in die afwesigheid van enige beweerde steurende geraas geneem is;

"**ontspanningsvoertuig**" ook—

(a) 'n veldvoertuig, kloutermotorfiets, duinebesie of ultra-ligte vliegtuig;

(b) 'n modelvliegtuig, -vaartuig of -voertuig;

(c) enige vliegtuig of helikopter wat vir sport- of ontspanningsdoeleindes gebruik word; of

(d) enige ander vervoermiddel of model wat na die oordeel van 'n plaaslike owerheid 'n ontspanningsvoertuig is;

"**oprig**" ook verander, omskep, uitbrei of heroprig;

"**steurende geraas**" 'n geraaspeil wat die gebiedsklankpeil oorskry of, indien geen gebiedsklankpeil aangewys is nie, 'n geraaspeil wat die omgewingsklankpeil by dieselfde meetpunt met 7 dBA of meer oorskry;

"**steurindeks**" 'n syfer uitgedruk in dBA soos omskryf in SABS 0117-1974, getiteld: "Gebruikskode vir die bepaling en beperking van steurnis, om 'n vlieg-veld, as gevolg van vliegtuiggeraas", afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 151 van 1 Februarie 1985.

### Bevoegdhede van 'n plaaslike owerheid

2. 'n Plaaslike owerheid kan—

(a) vir die doeleindes van die toepassing van hierdie Regulasies, te enige redelike tyd sonder voorafgaande kennisgewing 'n perseel betree—

(i) om enige toepaslike ondersoek, navraag of inspeksie wat hy dienstig ag daarop uit te voer; en

(ii) om enige stappe wat hy nodig ag te doen;

(b) ten einde te bepaal of 'n voertuig wat enige pad in die regsgebied van daardie plaaslike owerheid gebruik, insluitende 'n privaat-, provinsiale of nasionale pad wat sy regsgebied kruis, aan die bepalings van hierdie Regulasies voldoen, die eienaar of persoon in beheer van die voertuig gelas—

(i) om enige toepaslike inspeksie of toets wat sodanige owerheid nodig ag op 'n datum, tyd en plek soos skriftelik deur die plaaslike owerheid bepaal op die voertuig te laat uitvoer;

(ii) om die voertuig te stop of te laat stop;

(iii) om enige toepaslike inspeksie of toets wat sodanige owerheid nodig ag te laat uitvoer;

"**noise nuisance**" means any sound which disturbs or impairs or may disturb or impair the convenience or peace of any person;

"**noisiness index**" means a number expressed in dBA as defined in SABS 0117-1974, titled: "Code of Practice for the determination and limitation of disturbance around an aerodrome due to noise from aeroplanes", published under Government Notice No. 151 of 1 February 1985;

"**plant**" means a refrigeration machine, air-conditioners, fan system, compressor, power generator or pump;

"**property projection plane**" means a vertical plane on, and including the boundary line of a piece of land defining the boundaries of such piece of land in space;

"**recreational vehicle**" also means—

(a) an off-road vehicle, scrambler, dune buggy or ultra-light aircraft;

(b) a model aircraft, vessel or vehicle;

(c) any aircraft or helicopter used for sport or recreational purposes; or

(d) any other conveyance or model which in the opinion of a local authority is a recreational vehicle;

"**sound level**" means the reading on a sound level meter taken at a measuring point;

"**sound level meter**" means a device measuring sound pressure while it is set on "F"-time weighting and indicates the result in dBA;

"**the Act**", means the Environment Conservation Act, 1989 (Act No. 73 of 1989);

"**zone sound level**" means a derived dBA value determined indirectly by means of a series of measurements, calculations or table readings and designated by a local authority for an area.

### Powers of a local authority

2. A local authority may—

(a) for the purposes of applying these Regulations, at any reasonable time enter a premises without prior notice—

(i) to conduct any appropriate examination, enquiry or inspection as it may deem expedient thereon; and

(ii) to take any steps it may deem necessary;

(b) in order to determine whether a vehicle using any road in the area of jurisdiction of that local authority, including a private, provincial or national road crossing its area of jurisdiction, complies with the provisions of these Regulations, instruct the owner or person in control of the vehicle—

(i) to have any appropriate inspection or test as such authority may deem necessary conducted on the vehicle on a date and at a time and place determined by the local authority in writing;

(ii) to stop the vehicle or cause it to be stopped;

(iii) to have any appropriate inspection or test as such authority may deem necessary conducted on the vehicle;



(c) indien 'n geraas wat van 'n gebou, perseel, voertuig, ontspanningsvoertuig of straat afkomstig is 'n steurende geraas of geraasoorlas is, of na die mening van die betrokke plaaslike owerheid 'n steurende geraas of geraasoorlas kan wees, die persoon wat sodanige geraas veroorsaak of wat daarvoor verantwoordelik is, of die eienaar of bewoner van sodanige gebou of perseel waaruit of waarvandaan sodanige geraas afkomstig is of kan wees, of al sodanige persone, skriftelik gelas om binne die tydperk in 'n lasgewing vermeld, sodanige geraas te staak, of te laat staak, of stappe te doen om die peil van die geraas te verlaag tot 'n peil wat aan die vereistes van hierdie Regulasies voldoen: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie ten opsigte van steurende geraas of geraasoorlas wat veroorsaak word deur spoorvoertuie of vliegtuie wat nie as ontspanningsvoertuie gebruik word nie;

(d) voordat veranderinge aan bestaande fasiliteite of bestaande gebruike van grond of geboue gedoen word of nuwe geboue opgerig word, skriftelik vereis dat geraasinvloedbepalings of -toetse tot bevrediging van sodanige plaaslike owerheid, deur die eienaar, ontwikkelaar, huurder of bewoner van die fasiliteite, grond of geboue gedoen moet word of dat, vir die doeleindes van regulasie 3 (b) of (c), verslae of sertifikate met betrekking tot die geraasinvloed tot bevrediging van sodanige plaaslike owerheid, deur die eienaar, ontwikkelaar, huurder of bewoner op skriftelike aanvraag aan die plaaslike owerheid voorgelê word;

(e) indien uitgrawings-, grondverskuiwings-, pomp-, boor-, konstruksie- of slopingswerk of enige soortgelyke aktiwiteit, kragopwekking of musiek 'n geraasoorlas of 'n steurende geraas veroorsaak, skriftelik gelas dat sodanige werk, aktiwiteit, opwekking of musiek onverwyld gestaak word totdat aan sodanige voorwaardes as wat die plaaslike owerheid nodig ag, voldoen is;

(f) 'n beheerde gebied in sy regsgebied aanwys of 'n bestaande beheerde gebied wysig of kanselleer by kennisgewing in die betrokke *Offisiële Koerant*;

(g) indien die eienaar of persoon in beheer van 'n dier versuim om aan 'n lasgewing in paragraaf (c) bedoel, te voldoen, behoudens die toepaslike bepalings van enige ander wet, so 'n dier skut of laat skut;

(h) behoudens die bepalings van regulasie 8 en die toepaslike bepalings van enige ander wet, beslag lê op 'n voertuig indien die klankpeil van sodanige voertuig die klankpeil soos bedoel in regulasie 3 (j) met meer as 5 dBA oorskry;

(i) die eienaar of persoon in beheer van 'n aanleg in regulasie 3 (k) bedoel, skriftelik versoek om onverwyld bewys tot sy bevrediging te lewer dat die aanleg nie 'n steurende geraas sal veroorsaak nie;

(j) sodanige voorwaardes as wat hy goedgevind by die verlening van enige toestemming of vrystelling ingevolge hierdie Regulasies stel;

(k) voorwaardes stel met betrekking tot geraasbeheer vir inkorporering in die stigtingsvoorwaardes van 'n nuwe dorpsgebied, om uitvoering te gee aan die doelstellings van die Wet;

(l) behoudens die toepaslike bepalings van enige ander Wet, meetinstrumente of soortgelyke toestelle, padverkeerstekens of kennisgewings op enige plek binne sy regsgebied plaas of laat plaas vir die toepassing van die bepalings van hierdie Regulasies. Met dien verstande dat padverkeerstekens en kennisgewings slegs met toestemming van die eienaar op private eiendom geplaas word;

(c) if a noise emanating from a building, premises, vehicle, recreational vehicle or street is a disturbing noise or noise nuisance, or may in the opinion of the local authority concerned be a disturbing noise or noise nuisance, instruct in writing the person causing such noise or who is responsible therefor, or the owner or occupant of such building or premises from which or from where such noise emanates or may emanate, or all such persons, to discontinue or cause to be discontinued such noise, or to take steps to lower the level of the noise to a level conforming to the requirements of these Regulations within the period stipulated in the instruction: Provided that the provisions of this paragraph shall not apply in respect of a disturbing noise or noise nuisance caused by rail vehicles or aircraft which are not used as recreational vehicles;

(d) before changes are made to existing facilities or existing uses of land or buildings, or before new buildings are erected, in writing require that noise impact assessments or tests are conducted to the satisfaction of that local authority by the owner, developer, tenant or occupant of the facilities, land or buildings or that, for the purposes of regulation 3 (b) or (c), reports or certificates in relation to the noise impact to the satisfaction of that local authority are submitted by the owner, developer, tenant or occupant to the local authority on written demand;

(e) if excavation work, earthmoving work, pumping work, drilling work, construction work or demolition work or any similar activity, power generation or music causes a noise nuisance or a disturbing noise, instruct in writing that such work, activity, generation or music be forthwith discontinued until such conditions as the local authority may deem necessary have been complied with;

(f) designate a controlled area in its area of jurisdiction or amend or cancel an existing controlled area by notice in the *Official Gazette* concerned;

(g) if the owner or person in charge of an animal fails to comply with an instruction referred to in paragraph (c), subject to the appropriate provisions of any other law, impound or cause to be impounded such animal;

(h) subject to the provisions of regulation 8 and the appropriate provisions of any other law, attach a vehicle if the sound level of such vehicle exceeds the sound level referred to in regulation 3 (j) by more than 5 dBA;

(i) in writing request the owner or person in control of a plant referred to in regulation 3 (k) to furnish forthwith proof to its satisfaction that the plan shall not cause a disturbing noise;

(j) impose such conditions as it may deem fit when granting any permission or exemption in terms of these Regulations;

(k) incorporate conditions in relation to noise control with the establishment of a new township, in order to implement the objectives of the Act;

(l) subject to the appropriate provisions of any other law, place or cause to be placed measuring instruments or similar devices, road traffic signs or notices at any place within its area of jurisdiction for the enforcement of the provisions of these Regulations: Provided that road traffic signs and notices be placed on private property only with the permission of the owner;

(m) gebiedsklankpeile vir bepaalde gebiede en vir bepaalde tye aanwys by kennisgewing in die betrokke *Offisiële Koerant*.

### Algemene verbod

#### 3. Niemand mag —

(a) 'n nuwe dorpsgebied stig nie tensy die betrokke uitlegplan, indien dit deur 'n plaaslike owerheid vereis word, die bestaande en toekomstige geraasbronne, met gepaardgaande dBA-waardes wat in die dorpsgebied voorsien word vir 'n tydperk van 15 jaar wat volg op die datum waarop met die oprigting van geboue in en om die dorpsgebied begin is, ooreenkomstig die spesifikasies van die plaaslike owerheid aandui;

(b) in 'n bestaande dorpsgebied binne 'n beheerde gebied, opvoedkundige, woon-, woonstel-, hospitaal-, kerk- of kantoorgeboue oprig nie, tensy akoestiese afskermingsmaatreëls in die gebou voorsien is om die aflesing op 'n integrerende impulsklankpeilmeter, gemeet in die gebou na voltooiing, tot 40 dBA te beperk: Met dien verstande dat enige lugversorger of ventilasiesistelsel tydens sodanige geraasmeting afgeskakel moet wees;

(c) bestaande fasiliteite of bestaande gebruik van grond of geboue verander of nuwe geboue oprig nie, indien dit na die mening van 'n plaaslike owerheid aktiwiteite sal huisves of meebring wat, na sodanige verandering of oprigting, 'n steurende geraas sal veroorsaak, tensy voorsorgmaatreëls om die steurende geraas te voorkom tot die bevrediging van die plaaslike owerheid getref is;

(d) 'n pad bou of 'n bestaande pad verander, of die spoedgrens op 'n pad wysig nie, indien dit na die mening van die betrokke plaaslike owerheid 'n geraastoe-name in of naby woongebied, of kantoor-, kerk-, hospitaal- of opvoedkundige geboue sal veroorsaak, tensy geraasbeheermaatreëls in oorleg met die betrokke plaaslike owerheid getref is om te verseker dat die grond in die omgewing van sodanige pad nie as 'n beheerde gebied aangewys word nie;

(e) opvoedkundige, woon- hospitaal- of kerkerwe binne 'n beheerde gebied in 'n nuwe dorpsgebied of 'n gebied wat hersoneer is, plaas nie: Met dien verstande dat sodanige plasing wel deur die betrokke plaaslike owerheid toegelaat kan word ooreenkomstig die akoestiese afskermingsvereistes wat deur daardie plaaslike owerheid in die goedgekeurde bouplanne vermeld word;

(f) 'n voorskrif, lasgewing of kennisgewing deur 'n plaaslike owerheid ingevolge hierdie Regulasies uitgereik, verontagsaam nie;

(g) ondanks die bepalinge van paragraaf (h), 'n georganiseerde opelug-musiekfees of soortgelyke byeenkoms sonder die voorafverkreë skriftelike vrystelling van 'n plaaslike owerheid hou nie;

(h) behoudens die bepalinge van regulasies 4 en 5 (a), 'n radio, televisiestel, grammofoon, opnametoe-stel, tamboer, musiekinstrument, klankversterker of soortgelyke toestel wat klank produseer, reproduseer of versterk in 'n openbare plek bedryf of bespeel nie, of toelaat dat dit bedryf of bespeel word nie, indien die geraaspeil, gemeet by enige punt wat deur 'n lid van die publiek geokkupeer kan word, 95 dBA oorskry,

(m) designate zone sound levels for specific areas and for specific times by notice in the *Official Gazette* concerned.

### General prohibition

#### 3. No person shall —

(a) establish a new township unless the lay-out plan concerned, if required by a local authority, indicates in accordance with the specifications of the local authority, the existing and future sources of noise, with concomitant dBA values which are foreseen in the township for a period of 15 years following the date on which the erection of the buildings in and around the township commences;

(b) erect educational, residential, flat, hospital, church or office buildings in an existing township within a controlled area, unless acoustic screening measures have been provided in the building to limit the reading on an integrating impulse sound level meter, measured inside the building after completion, to 40 dBA: Provided that any air-conditioning or ventilating system shall be switched off during the course of such noise measurements;

(c) make changes to existing facilities or existing uses of land or buildings or erect new buildings, if it shall in the opinion of a local authority house or cause activities which shall, after such change or erection, cause a disturbing noise, unless precautionary measures to prevent the disturbing noise have been taken to the satisfaction of the local authority;

(d) build a road or change an existing road, or alter the speed limit on a road, if it shall in the opinion of the local authority concerned cause an increase in noise in or near residential areas, or office, church, hospital or educational buildings, unless noise control measures have been taken in consultation with the local authority concerned to ensure that the land in the vicinity of such road shall not be designated as a controlled area;

